



Jrg. 8 Kaapstad, Woens., 15 Junie 1949 Prys 3d. No. 30

DUITSE VERSET TEEN POTSDAM

Onderworpenheid Eintlike Strydpunt

Duitse weerstand teen die vernietiging van hul land se nywerhede ooreenkomstig die dwase planne van Potsdam het verlede Woensdag in die Ruhr-gebied uitgebreek toe Britse aftakelingseenhede wou begin met die afbreking van die elf fabriek wat sintetiese olie vervaardig. Politieke waarnemers beskou die weerstand as die ernstigste krisis sedert die einde van die oorlog omdat dit per slot van sake 'n politieke stryd om die soewereiniteit van die Duitse volk is.

Toe die werkerseenhede onder leiding van Britse amptenare verlede Woensdag by die eerste drie fabriek opdaag, het die werkers in die fabriek die aftakelingseenhede voorgekeer en net die Britse amptenare deurgelaat. Die aftakelaars, wat self Duitsers is, is vanselfsprekend in volle simpatie met die werkers. Die gevolg was dat die Britse amptenare die stryd gewonne moes gee in wat beskou word as die eerste rondte van die geveg.

Dit blyk dat alle Duitsers, ook die leiers van politieke partye bereid is om deel te neem aan die verset. Burgemeesters, partyleiers en vakbondeleiers is deur die Britse streekskommissaris, genl. Bishop, Vrydag na sy kantoor ontbied waar aan hulle 'n ultimatum oorhandig is om alle verset voor Sondag af te las. Die ultimatum is Sondag oor die draadloos deur die Britse generaal herhaal, met beklemtoning van die feit dat dit weerstand teen 'n militêre bewind is.

MOET DIT SELF DOEN

Berigte in die Engelse pers praat van 'n kragmeting waarvan die wese is dat die Duitsers gedwing moet word om self hul fabriek af te breek. Indien hulle weier en die Britte naderhand die werk met behulp van vreemde arbeiders moet doen, sal dit as 'n oorwinning vir die Duitsers beskou word. Van Britse kant sal om so 'n nederlaag te voorkom, gedreig word met sluiting van fabriek wat selfs nie vir aftakeling aangemerk is nie.

Hieruit blyk die groot mate van kleinlike haat wat die hele Potsdamse geknoei gekenmerk het. Die aftakeling van die fabriek is kamtig 'n noodsaak-

likheid om 'n volgende Duitse oorlog te voorkom, maar die Duitsers moet eintlik die verne-

(Vervolg in kolom 5)

MET VAKMANNE IS EINTLIK GESELS OOR STEMREG

Dat die motief van die Verenigde Party met sy grootskaalse immigrasie inderdaad niks anders as 'n stem-aanryery vanuit Engeland was nie, word nou bewys deur die groot lawaai wat die Verenigde Party en sy verwante organisasies opskop teen dr. Dönges se wetsontwerp op nasionaliteit waarmee hy beoog om die Unie se wet in ooreenstemming te bring met dié van ander dominiums. Ingevolge 'n Rykskonferensie in 1946 waarop die Verenigde Party self Suid-Afrika verteenwoordig het, is naamlik ooreengekom dat sekere veranderings ten opsigte van die bepaling van burgerskap aangebring kan word. Kanada het onmiddellik hieraan uitvoering gegee en onder meer 'n vyfjaartermyn neergelê vir Britse onderdane voordat hulle stemreg kan kry in Kanada.

Min. Dönges se wetsontwerp wil dieselfde bepaling invoer, maar die Verenigde Party en sy geesgenote verklaar nou dat dit „'n verbreking van die V.P. se woord” teenoor die immigrante sal wees wat hy in die jare na die oorlog op georganiseerde skaal laat aanry het. Aan hierdie immigrante, so word betoog, is belowe dat hulle binne twee jaar sal kan stem, en daarom mag die regering nie nou die land se „woord breek nie”!

Aan die Affrikaners het die V.P. indertyd weer gesê dat die mense nie ingevoer word om te kom stem nie, maar om ons nywerhede te ontwikkel — hulle is almal vakmante. (In die houe is in die afgelope jare aan die lig gebring watter soort „vakmante” almal inbegrepe was. Op die oomblik soek die polisie byvoorbeeld nog na die „brein” agter 'n georganiseerde motordiefstal-bende wat na vermoede 'n immigrant moet wees omdat die diefstalle ooreenstem met dergelike „sake-ondernemings” in Brittanje.

BETOGINGS

Die Verenigde Party voel nou so besorgd oor die moontlikheid dat die immigrante van 1948 nie sal kan stem by die volgende algemene verkiesing nie, dat groot proteste dwarsdeur die land georganiseer word. Op die Johannesburgse stadsaal-trappies sal in die volgende weke, so word berig, daaglikse protesvergaderings gehou word, soos die kommuniste gewoonlik

doen. In Kaapstad is Maandag groot vergaderings en betogings gehou waarby die Verenigde Party al sy verwante organisasies vir deelname gemoobiliseer het.

37,000 STEMME

Volgens die verklaring van die Britse Minister van Handel (Vervolg op bladsy 8 kol 1)

KORING VIR UNIE

Die volksraad het toestemming verleen dat die Unie lid word van die Internasionale Koringooreenkoms. Die Minister van Landbou het verduidelik dat die Unie in die volgende vier jaar 3,300,000 sak koring teen hoogstens 48s. 2d. per sak sal kan invoer. Die prys kan in die loop van die volgende vier jaar tot 38s. 2d. per sak daal.

Die Unie se koringproduksie is tans sowat 4½ miljoen sak per jaar, terwyl die verbruik by die 8,000,000 sak is. Hy het gevolglik aansoek gedoen om 3,300,000 sakke koring in te voer.

'REPUBLIEK' BINNE TRONK VERGEMAKLIK OWERHEID SE TOESIG OOR BANDIETE

'n Paar weke gelede het Die O.B. 'n parodie bevat op die „nuwe Britse vryheid” waarvolgens lede van die Ryk toegelaat word om „vrye Republieke” te word terwyl hulle nog binne die Empire bly. In die artikel is die nuwe vryheid gehekel deur dit te vergelyk met bandiete wat nou „vry” word deur 'n „bandietebond” binne die tronk te stig.

Dit blyk nou dat 'n sekere tronk in Indië hierdie parodie in die praktyk toegepas het, en dat dit 'n groot welslae is as metode om die bandiete rustig te hou.

Indië is die enigste lid van die Statebond wat gebruik maak het van die „nuwe vryheid” om 'n republiek te word. Deur dit te doen, so het dr. Malan in die parlement gesê, is Indië vir die Britse Ryk gered en is daar sware handelsverliese veral vir Engeland bespaar gebly — met ander woorde Indië bly nog die Britse melkkoei al is hy „'n vrye republiek”.

Hierdie idee van „vryheid” het weerklink gevind in 'n Indiese tronk in Midde-Indië. Sapa-Reuter berig dat die 1,200 inwoners van die tronk 'n stelsel van selfregering ingevoer het en dat dit met welslae funksioneer. Hulle het 'n „volksraad” bestaande uit 72 lede gekies uit hulself. Hierdie volksraad het 'n kabinet van vyf lede gekies uit die „L.V.s” — dus nog oor-

eenkomstig die Britse parlementêre stelsel wat nie behoorlike skeiding maak tussen die uitvoerende en wetgewende gesag nie. Hierdie ministers is beklee met die portefeuljes van wet en orde, voedsel, kleding, arbeid en sanitasie.

Die berig voeg daaraan toe dat hierdie nuwe stelsel die werk van die tronkowerheid baie vergemaklik het en dat daar nou „volmaakte wet en orde binne die tronk heers.”

EMPIRE-TAAK VERGEMAKLIK

Hierdie praktiese parodie op die Britse „vryheid” behoort die Indiese regering — en ook die Suid-Afrikaanse — tot diepe nadenke te stem, veral die getuie-nis dat daar nou „volmaakte wet en orde binne die tronk

heers” en dat die toesig van die tronkowerheid baie vergemaklik is.

John Bull het hierdie geheim baie jare gelede al ontdek toe hy 'n nuwe imperialistiese beleid gevolg het van „groter vryheid” en „selfbestuur” aan die verowerde gebiede BINNE die Britse Ryk. Dit maak sy toesig baie makliker en het ten gevolge dat daar binne die Empire „volmaakte wet en orde heers.”

Intussen bly die 1,200 bandiete van die Sentraal-Indiese tronk nog steeds bandiete, beroof van hul vryheid. Hulle is egter nou dood gelukkig met hul „republiek” binne die tronk — 'n republiek boonop nog op Britse parlementêre lees geskoei!

A.P. Wou Setel Betwis In Bloemfontein

'n Versoek van die Afrikaner-party aan die H.N.P. oor die toekenning van die vakante provinsiale setel Bloemfontein-Stad, naamlik dat die setel aan die A.P. toegesê word om te betwis, is deur die H.N.P. van die hand gewys.

Die organiserende sekretaris van die A.P. in die Vrystaat, mnr. I. L. Ferreira, het 'n brief aan die H.N.P. gerig en gevra dat die setel aan die A.P. toegesê word. Die saak is daarna deur die kiesafdelingsraad van die H.N.P. bespreek. Hierna het mnr. M. P. A. Malan, hoofsekreteris van die H.N.P. in die Vrystaat, in 'n brief aan mnr. Ferreira geskryf dat so 'n versoek van die A.P. nie verwag is nie en dat die masjinerie van die H.N.P. reeds aan die werk is.

Die brief verklaar voorts dat die raad van mening is dat die eenwording van die H.N.P. en A.P. binne een partyverband 'n middel sal wees om eensgesindheid te bevorder en dat hy vertrou dat albei partye in dié rigting sal werk.

Die redenasie is min of meer so: as twee verloofdes nie kan stryk nie omdat die een alles wil hê en weinig wil gee, moet hulle trou. Dit sal dan die nodige eensgesindheid bring.

(Vervolg van kolom 2)

STALIN SE SLAGTERS LOOP HULLE VAS

Agt Kommuniste uit die Midde-Ooste wat probeer het om Egipte binne te dring is op die Egiptiese grens in hegtenis geneem. Hulle het verklarings aan die polisie gedoen waarin hulle die name van diegene in Egipte wat aangemerkt is om vermoor te word, verstrek het. 'n Tyd gelede het die Siriese

direkteur van openbare veiligheid berig ontvang dat 14 Arabiese kommuniste Haifa verlaat het om hul strategie te verenig met die Joodse Kommunistiese Party. Die regering van Sirië het hierdie inligting aan Egipte gestuur wat die Kommuniste betrap het toe hulle die grens wou oorstek om hul duiwelse planne uit te voer.

dering ondergaan om dit self te doen, so nie is dit 'n nederlaag vir die Geallieerdes! En as deur hierdie handelwyse soveel haat in die Duitse boesem gesaai word dat dit uiteindelik weer op 'n oorlog moet uitloop, dan sal die Geallieerdes met stralekransies om die skuldige koppe beduie dat die Duitsers maar net 'n oorlogsugtige volk is wie se fabriek afgebreek moet word ten einde wêreldvrede te bewaar.

En intussen is Amerika en Engeland besig om te bewapen vir 'n oorlog teen die Potsdamse bondgenoot, „premier Stalin”!

Hoe Kan Parlement Hervorm Word? (5)

AFSKAFFING VAN KOUKUS NOG GEEN OPLOSSING

Laat ons in hierdie artikel vooraf die belangrikste punte opsom in verband met die swakheid van die parlementêre stelsel; en met dit voor oë oorweeg wat die beste manier is om hierdie swakhede uit die weg te ruim.

In die eerste plaas het ons vasgestel dat die grondswaakheid van die stelsel lê in die feit dat die regering nie in die eerste plaas 'n funksie is wat deur daartoe gekose persone uitgeoefen word nie, maar bo alles 'n „prys” is wat verower word deur twee of meer vegtende partye. Die eersteministerskap word aangebied aan die leier van die oorwinnende party, en hy deel dan die kabinetsposte uit slegs aan mense wat lid van sy party is en wat daarin geslaag het om hul eie setels te wen. Selfs al sou 'n groep persone eerlik en opreg sekere volksbelange nastrewe, dan nog word die bereiking van hul ideale onderhewig gemaak aan hierdie „wedstryd” tussen politieke partye. Hulle moet ook eers meeding, en verloor hulle, bly hulle geheel en al uitgesluit van enige positiewe bydrae tot die volksbelang.

KOUKUSBEHEER

Hierdie wedloop bring mee dat daar 'n strenge dissipline gehandhaaf moet word sodat al die lede uit een mond kan praat. Daarvoor is die koukus ingestel wat moet sorg dat niemand iets sê wat die party skade kan berokken nie. Volksvertegenwoordigers verteenwoordig dus nie hul kiesers by die regering nie, maar hulle is slegs stem-eenhede van die partykoukus — skaakmannetjies wat deur die koukus opgestel word in die posisies wat pas by die strategiese partyplan.

AFWEERSTRYD

Die party aan bewind moet behalwe skemas te ontwerp vir die oplossing van vraagstukke en die daadwerklike aanpakking daarvan, voortdurend 'n afweersryd voer teen die opposisie-party wie se amptelike en

Ons wil verskoning vra aan ons lesers dat hierdie reeks vir 'n paar uitgawes onderbreek was weens die onlangse politieke verwikkelings op staatkundige gebied waaraan DIE O.B. as republikeinse orgaan veel ruimte moes afstaan.

betalde taak dit is om die regering by die volk verdag te maak en voor die oë van die kieserspubliek uitmekaar te skeur. Maar behalwe dat dit sy taak is, is dit ook die enigste manier om ooit self aan bewind te kom, en sodoende 'n bydrae te lewer ooreenkomstig die lig wat hy het.

GEBREK AAN KRITIEK

Daar is dus in die eerste plaas binne die regerende party 'n algehele gebrek aan openhartig en eerlike kritiek. Alle lede word deur die koukus verplig om uit een mond te praat volgens die eise van die partybelang — want die koukus wat die hoogste gesag dra, is nie ingestel om te waak oor volks-

belange nie, maar uitsluitend oor die party se belange, dit wil sê, toe te sien dat die party aan bewind bly of kom ongeag wat sy ideale is. As die republikeinse ideaal in die pad van 'n oorwinning staan, dan is dit die plig van die koukus om daardie ideaal in die yskas te plaas of selfs in die asblik te gooi. Binne die regering dus geen eerlike kritiek ten opsigte van sy dade nie.

SKIEDING

Die enigste oord van kritiek is die opposisie, maar die word nie gedra deur welwillendheid nie — dit is intendeel bedoel om die regering by die volk „in diskrediet te bring” en gevolglik luister die regering nie daarna nie en maak dit hom eerder koppiger.

Die vraag kom nou hoe ons by hierdie moeilikheid verby kan kom. In die eerste plaas is dit nodig dat daar 'n behoorlike skeiding gemaak moet word tussen regering en volksvertegenwoordiging. Laasgenoemde se taak moet wees om die regering in te lig omtrent die volkswil, en hy moet vry wees om dit openhartig en onbevangen te doen. In die tweede plaas is dit nodig om die regering op so 'n grondslag te stel dat hy op onbevangen wyse kan regeer sonder om belemmer te word deur kwaadwillige kritiek. Agter die regering moet daar dus geen koukus-diktatuur staan nie. Dit bring mee dat die regering nie afhanklik gemaak mag word van 'n meerderheidstem in die volksraad nie. Die volksraad se besluite behoort 'n ontwyfelbare meningsuiting te wees van wat die volk wil, en nie as stote bedoel te wees in 'n skaakspel vir of teen die regering nie. (Vervolg in volgende kolom)

Tussenverkiesing Laat Seepkis Kraak In „Huis”

Soos dikwels in die verlede was die volksraad verlede Donderdag weer by uitstek die propagandaverhoog van die partypolitici. Gewoonlik is hierdie propaganda meer in die algemeen, maar Donderdag was dit hoofsaaklik toegespits of die tussenverkiesing te Mayfair en 'n moontlike nuwe verkiesing te Vereeniging indien sake dalk in dié rigting ontwikkel.

* Ten einde in 'n goeie lig by die mynwerkers van Mayfair te vertoon het die V.P. onder leiding van mnr. G. Sutter tydens die tweede lesing van die Begrotingswetsontwerp skielik voorgestel dat die raad weier om die ontwerp goed te keur tensy die pensioene aan die weduwees en toelaes aan die afhanklikes van mynwerkers verhoog word. Spr. het die regeringslede wat Randse kiesafdelings verteenwoordig kwalik geneem omdat

(Vervolg van vorige kolom)

Geen ander belange as die welvaart van die volk mag daar geld nie.

SLEGS DIE VRUG

Nou sal die antwoord miskien kom dat ons net die koukusstelsel moet afskaf. Maak 'n wet dat die partye nie hul lede mag dwing om teen hul oortuiging te stem nie. Maar dit sal beteken dat die borse vrug afgepluk word sonder dat die boom w.t. dit dra aangesig word. Die koukus is immers 'n uitgroei van die stelsel van wedyering tussen partye met die staatsbewind as prys. Om die partydissipline af te skaf ter wyl die wedstryd voortbestaan, sal dieselfde gevolge hê as wanneer 'n vegtende leer alle dissipline afskaf. Hy sal nie kan veg nie en die een kabinetkrisis op die ander sal volg. Die tweede dwaling sal erger wees as die eerste. Solank 'n regering toegeken word aan die party wat 'n verkiesing wen, sal daar partydissipline wees omdat die party alleen as eenheid kan oorwin en optree. Die koukusstelsel is onafskeidbaar van die idee van parlementêre partyregering.

PARTYE SE FUNKSIE

Die oplossing skyn in die eerste plaas te lê in die afskaffing van die funksie van politieke partye soos ons dit vandag ken — die verowering van die staatsbewind as prys wat onder sy lede verdeel word. Daar moet dus nie meer sprake kan wees van 'n „regeringsparty” nie. Die regering moet bestaan uit individue en nie uit 'n onpersoonlike organisasie wat sy bewind met alle middele moet handhaaf deur onder andere te verhoed dat 'n meerderheid verteenwoordigers teen hom in die volksraad stem nie — soos 'n paar weke gelede in ons volksraad gebeur het. Die maklikste oplossing hiervoor is dat die regering losgemaak word van die volksvertegenwoordiging, dit wil sê dit moet nie meer nodig wees vir 'n man om eers aan 'n party te behoort en daarna 'n setel te wen voordat hy in aanmerking vir die staatsbestuur kan kom nie. Dit was die toestand in die Boere-republieke. Pres. Kruger en pres. Steyn het geen partye gehad wat hulle uitgestoot het as lede vir die regering nie. En hul ampstermyn het ook nie afgehang van die gelui van 'n klokke in die raadsale wat moet sorg vir 'n meerderheid in die volksraad by elke stemming nie.

hulle nog niks gedoen het vir die weduwees van mynwerkers nie. As die regering nie sulke wetgewing dadelik indien nie, sal dit diskriminasie wees teen die weduwees van toring-lyers.

Die voorstel van die V.P. het daarop neergekom dat 'n wetsontwerp binne 'n paar uur opgestel, ingedien en deurgevoer moet word — iets wat nog nooit gebeur het nie. Maar intussen het die lid blykbaar vergeet dat sy party veertien jaar tyd gehad het om sy voorstel uit te voer, maar dit nooit gedoen het nie.

KAMTIG BESORG

Dit is nie omdat die V.P. so begaan is oor die welsyn van die mynwerkers nie (hy het veertien jaar tyd gehad om sy besorgdheid op tasbare wyse te betoon), maar dit het die V.P. die geleentheid gegee om in die parlement 'n goeie vertoon te maak voor die kiesers van Mayfair.

Die regeringsprekers het die toesprake van die V.P. oor hierdie onderwerp ook in hierdie lig gesien en nie ernstig opgeneem nie en dit was natuurlik weer hul taak om die moontlike aansien wat die V.P. deur hierdie voorstel verkry het, dood te verf.

PROPAGANDA

Elke H.N.P.-spreker het die saak dan ook uit 'n propaganda-oogpunt benader. Mnr. F. E. Mentz het benadruk dat die V.P. die amendement met die oog op Mayfair ingedien het en dat dit bedoel is om die stemme van die mynwerkers te vang.


Niemand anders as die Minister van Ekonomiese Sake, mnr. Eric Louw, het hom hierby aangesluit nie. Plegtig het hy verklaar dat dit 'n te ernstige saak is om 'n politieke spelbal van te maak. As die opposisie hierdie propaganda in Mayfair wil gebruik, kan hulle dit maar doen, want hulle sal niks daarmee uitrig nie, het hy ten slotte verklaar.

En hiermee het mnr. Louw gehoop dat hy die propaganda van die V.P. om 'n gunstige indruk te maak, weer doodgegee het en dat die kiesers van Mayfair weer vir die H.N.P. sal stem omdat die nie van hulle 'n politieke voetbal wil maak nie.

BELOFTE NAGEKOM

Oor 'n heeltemal ander onderwerp het dr. J. Looek (H.N.P., Vereeniging) kans gesien om voordeel vir homself te behaal. Hy het naamlik 'n lang toespraak afgesteek oor beweerde wanadministrasie van Yskor. Nadat hy hierdie dinge ontleed het, het hy triomfantlik verklaar dat hy sy kiesers belowe het om die saak te berde te bring en dat hy dit nou gedoen het. Spr. verneem ook dat die V.P. moontlik 'n hofspraak teen hom wil open. Maar die werkers van Vereeniging sal hom weer na die parlement stuur, want hy is die man wat vir hul regte veg.

(WORD VERVOLG)



BEROEMD en WELBEKEND
oor die 66 jaar vir
BESTE WAARDE

in
KLAVIERE

VLEUELKLAVIERE
HUIS- EN KERKORRELS

sowel as alle

ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

Spesiale Afdeling:

WAPENS

PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

Nuwe afdeling vir

YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels

R. MÜLLER (Eiens.) BPK.

Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD

JODE SE MISGISSING MET BRITSE POLITIEK

Die bekende feit dat die verstrooide Jodedom oral in die wêreld poog om hul gewig in te gooi by die groep wat hulle meen die sterkste in die land is, of gaan word, is onlangs weer treffend in Brittanje geïllustreer. Tekens hiervan is ook in die Suid-Afrikaanse politiek te vind.

Die Britse blad, Gothic Rip-ples, berig dat gedurende die onlangse plaaslike verkiesings in Brittanje slegs sewe van die verkose lede Jode is, terwyl ten minste 20 Joodse kandidate verwerp is. „Dit is eenvoudig omdat die Jode die Konserwatiewe Party, wat hulle verkeerdlik beskou het as die sinkende skip, verlaat het en probeer het om as Arbeiders in te kom.” (Die gety het onverwags teen die Ar-

beiders gedraai. — Red.) Die blad meld dat Joodse kandidate in die verkiesing tussen 50 en 500 stemme minder op hulle verenig het as die nie-Joodse lede van hul party. Hierdie stemme het waarskynlik diegene verteenwoordig wat die Jood as 'n vreemdeling beskou.

Die Joodse indringing in die Britse Arbeidersparty het die afgelope week ook naklank gehad op die kongres van die Arbeidersparty te Blackpool. Die kongres het een van sy warmste oomblikke beleef toe die verbanning van twee linkse Joodse L.V.'s uit die geleedere van die party te berde gekom het.

„BRITTE”

Onder groot lawaai het een van die lede opgestaan om die uitsetting van die Jode te verdedig. Hy het gesê: „Somtyds wonder ek of ons aan Brittanje glo. Kan ons nie Britte in die Laerhuis kry nie?”

Sedert 26 Mei 1948 het die houding van die Jode in Suid-Afrika teenoor die regerende H.N.P. heelwat verander, waarskynlik omdat hulle meen dat dit beter is om aan die wenkant te wees as aan die verloorant. Uit sommige Joodse kringe het daar dan ook van tyd tot tyd agitاسies

Soek In S.A. Ook Vastrapplek

ontstaan teen die bepaling dat Jode nie lede van die H.N.P. in Transvaal kan word nie.

Die jongste vergadering van die Joodse Raad van Afgevaardigdes het hulle in hierdie verband uitgelaat en in sy kommentaar oor die besluite wat die raad geneem het, skryf die Jewish Herald in 'n hoofartikel:

H.N.P.

„Ons glo dat die Kongres van die Raad van Afgevaardigdes deur sy eenparige besluit wat hy hierdie week aangeneem het oor die posisie van Joodse burgers in Suid-Afrika, nou vir eens en vir altyd 'n einde gemaak het aan die verspotte vraag van dubbele loyaliteit.

„Saam met dr. Malan sien die Joodse burgers nou vooruit na die tyd wanneer daar nie meer verdere praatjies oor die sogenaamde Joodse vraagstuk in die lewe en politiek van hierdie land sal wees nie.

ONWELKOME HERINNERING

„Die enigste herinnering (behalwe van sekere tot dusver ongerepudeerde verklaringe deur persone wat hoë posisies in die rade van die Nasionale Party beklee) van die ongelukkige periode toe ingevoerde politieke ideologieë die Joodse Suid-Afrikaner laat glo het dat sommige Nasionale leiers nie goedgesind is teenoor hom nie, is die voortgesette verbod op Joodse lidmaatskap van die Transvaalse Nasionale Party. Daar kan geen twyfel bestaan nie dat die sogenaamde Joodse vraagstuk makliker van die toneel sal verdwyn as hierdie verbod opgehef word. Die bewoording en gees van die besluit van die Kongres wat handel oor die Raad se houding oor plaaslike politieke vraagstukke, behoort ver te gaan om die agterdog te verwyder wat die Nasionale Party sonder twyfel koester teenoor die Raad se politieke affiliasies. Die volgende stap is in die hande van die Transvaalse Nasionale leierskap”, aldus die blad.

In Brittanje het die Jode onlangs op die verkeerde perd gewed. In Suid-Afrika is hulle blykbaar daarvan oortuig dat hulle hul geld op die regte perd sit.

„POOLS’ NOU ONWETTIG

Die volksraad het die afgelope week 'n wet aangeneem om sport-pools in Suid-Afrika te belet.

Die Minister van Justisie het verklaar dat hierdie praktyk in Engeland so 'n omvang aangeneem het dat dit nie meer gekeer kan word nie al wil hulle dit ook doen. So iets moet in Suid-Afrika verhoed word.

Die wet is aangeneem na aanleiding van versoë wat tot die regering gerig is. Die maksimum straf vir die oortreding is £500 boete of twee jaar tronkstraf.

Al teenstand teen die wet het gekom van die Kommunist Kahn.

Prof. dr. S. J. du Plessis, hoof van die afdeling plantsiekteleer aan die Landboukollege Stellenbosch-Elsenburg, sal vanjaar die Havenga-prys vir wetenskaplike navorsing van die Akademie vir Kuns en Wetenskap ontvang.

MINISTER STRYDOM BEVRY NEDERSETTERS

Wetgewing om die knellende servitude op nedersetters op staatsgronde wat hulle onvry gelaat het uit die weg te ruim, is die afgelope week deur die volksraad geloods en is reeds in die senaat bespreek.

Die ou wet is oorspronklik in 1937 deur wyle genl. Kemp, toe Minister van Lande in die V.P.-regering, ingedien. In 1944 is dit deur sen. Conroy, wat toe dieselfde pos beklee het, gewysig sodat die skroef aansienlik stywer aangedraai is. Later is 'n kommissie van ondersoek aangestel wat aanbeveel het dat die beperkende servitude verwyder moet word, dog sen. Conroy wou nie gehoor gee nie.

Toe die wetsontwerp in die volksraad gedien het, het die V.P. geen teenstand gebied nie, en in die senaat was dit slegs sen. Conroy van al die V.P.-lede wat die maatregel beveg het.

(Vervolg van volgende kolom)

Die Burger het ook onlangs 'n spotprent gepubliseer waarin genl. Smuts en dr. Malan saam na voetbal kyk en wat die eenheid moet uitbeeld. Forward skryf dat dit die eerste nie-beledigende spotprent oor genl. Smuts is wat die blad bevat en dat dit blykbaar die weg vir 'n koalisie moet voorberei.

DIE UNIE bestee jaarliks £30,000,000 aan onderwys, volgens 'n amptelike mededeling.

Is Koalisie Aan Kom, Vra Blad

Die vraag of daar 'n koalisie tussen die H.N.P. en die V.P. aan die kom is na aanleiding van onlangse gebeure in die volksraad en verskynsels in die politiek, word gestel deur Forward, die orgaan van die Arbeidersparty.

Die blad skryf na aanleiding van die herroeping van die servitude op nedersettings — iets waarvoor die V.P. altyd 'n geveg opgesit het — dat die party nou geen teenstand gebied het toe die Minister van Lande hierdie servitude herroep het nie. Al teenstand wat daar gekom het, het gekom van die kant van die Arbeiders, sê die blad.

Die feit dat die V.P. al minder teenstand in die parlement bied, laat die blad gis of 'n koalisie nie moontlik aan die kom is nie en noem dan nog 'n aantal punte wat hy meen die bewering ondersteun.

Die V.P. het die wysiging van die Werkloosheidsversekeringswet goedgekeur, hoewel daar 'n paar V.P.-lede was „wat vir die werkers opgekom het.” Daarby het V.P.-sprekers witvoetjie gesoek by die H.N.P. ten opsigte van die verslag oor die Durbanse onluste.

(Vervolg in vorige kolom)

ROOI NATUREL STAAN VIR STADSRAAD

Die Kommunistiese Party in Suid-Afrika het besluit om 'n natural as hul kandidaat vir die aanstaande stadsraadsverkiesing in Kaapstad in die veld te stoot. Hy is ene J. la Guma. Hy sal wyk ses beveg. Na verwagting sal die verkiesing in September plaasvind.

Wanneer gaan die regering teen die Kommunistiese Party se bedrywighede optree? In die ban doen van vergadering in Transvaal sal niks doen om die Kommuniste se krag te breek nie.

Parlementarisme Verhoed Kragtige Optrede

Verlede week het DIE O.B. in verband met kommunistiese bestryding geskryf dat hierdie gevaar nooit behoorlik opgeruim kan word solank Suid-Afrika vaskleef aan die Britse parlementêre stelsel met sy eienaardige opvattinge omtrent „vryheid” nie. Ons het daarop gewys dat aan die een kant 'n Kommunist toegelaat word om met groot waardigheid in die volksraad te sit en as onderdeel van die parlementêre masjien die „vryheid” het om kommunistiese vergaderings in Kaapland te hou net wanneer en waar hy wil, maar dat sy vergaderings belet word sodra hy in Transvaal kom.

Daar is 'n duidelike teenstrydigheid in die hele affêre — aan die een kant die Afrikaner se historiese wil tot selfbehoud wat in sy verlede tot openbaring gekom het in die van uit Britse oogpunt beskou „ondemokratiese” uitsluiting van naturelle van die politieke en militêre lewe, die beperking van veral tot vaste woonbuurtes, ens., en aan die ander kant die Britse parlementêre werktuig waarmee die huidige regering hom moet behelp in sy stryd teen die vreemde gevare.

Hoe reg ons stelling is blyk nou uit 'n hoofartikel van die Cape Times van 9 Junie, waarin dr. Dönges aangeval word weens sy verbod op die buitelandse reis van kommunistiese agitators en persone wat die Unie in die buiteland beskinder tot groot nadeel van die land.

ONPARLEMENTÊR

Die blad verklaar:

„Of die redes nou ook al is die politieke oortuigings van die betrokke mense of die vrees dat

ENGELSE BLAD BEVESTIG O.B.-STELLING

hulle onaangename dinge van die land sal sê, die weerhouding van hul paspoorte is in werklikheid 'n daad van politieke sensuur. Politieke sensuur is in stryd met die parlementêre stelsel en kan, indien daarmee volgehou word, die stelsel in gevaar bring.”

Die volk kan slegs maar hoop dat die regering vroeër of later — maar in elk geval voor dit te laat is — weereens soos in 1941 tot die besef sal kom dat die Britse parlementêre stelsel met sy Britse lewensuitkyk, wat al die jare gebots het met die Afrikaner se politieke en maatskaplike opvattinge nie die instrument kan wees waarmee die Afrikaner-erfenis in ons land beveilig kan word nie. Elke volk het 'n werktuig nodig wat pas by sy aard en omstandighede, en waar die Britse parlementêre stelsel selfs nou al in wye Engelse kringe as verouderd beskou word vir die oplossing van moderne vraagstukke, kan Suid-Afrika nie langer bekostig om daarmee opgeskeep te sit en sy reuse-vraagstukke te vertroebel nie.

PROBEER DIT! VIR OË-TOETS



Kyk hoe draai die wiel om en om!

Draai hierdie tekening eers met die klok mee vooruit en dan teen die klok in. Hou dit dan stil en kyk hoe die wiel nog aanhou met draai!



VIR SMAAK-TOETS

Neem twee skuïwe van enige soort sigaret, behalwe Kommando. Moenie die eerste skuïf intrek nie, maar blaas dit saggies deur u neusgate uit. Neem nou die tweede skuïf, trek dit in en blaas dit dan deur die neusgate of deur die mond uit. Toets Kommando nou op dieselfde wyse. Let op watter sagte, geurige rokie u van Kommando kry.

U OË MAG U BEDRIEG — MAAR
U KAN STAAT MAAK OP U SMAAK

Kommando
Die Vriendelike Sigaret

10s, 20s, 50s, met of sonder kurk.



GI.3002

DIE O.B., WOENSDAG, 15 JUNIE 1949

GEMENGDE HUWELIKE EN BRITSE TRADISIE

Die wet op gemengde huwelike van dr. Eben Dönges, wat eersdaags op die wetboek sal wees, is die afronding van 'n baie lang stryd oor een belangrike aspek van die stryd om blanke voortbestaan, en waar die Minister reeds aangekondig het dat buite egtelike verkeer tussen blank en alle nie-blanks ook verbied sal word, het ons die bevrediging dat 'n mylpaal wel bereik is, maar aan die ander kant ook die bange verwyt dat die maatreël so laat in die dag gekom het dat veel skade wat klaar verrig is soos 'n donkere monster op die spoor van ons volk sal voortsleep. Nietemin verdien dr. Dönges en die regering die dank van die volk dat hulle uiteindelik tot die daad oorgegaan het om so 'n belangrike euwel vas te pen.

Die standpunt teen gemengde huwelike het aktueel geword sedert die aankoms van die Britse imperialisme met sy vreemde opvattinge omtrent reg en vryheid — die Britse liberalisme met sy gelykstellingsideaal. En dit is daarom ook nie vreemd nie dat op hierdie tydstip wanneer 'n nasionale regering besig is om 'n verbod te plaas op bloedvermenging, daar in Brittanje aktiewe propaganda gemaak word vir bloedvermenging as 'n metode om internasionale wrywing op te los! In Brittanje is daar naamlik 'n instituut wat homself noem die „National Marriage Guidance Council" wat 'n maandblad uitgee onder die mooi klinkende naam „Marriage Guidance". In sy Februarie-uitgawe verklaar die blad: „Verredaarvan dat bloedvermenging 'n misdadig is, sal dit meehelp om die ware broederskap van die mens te verseker."

ENGELSE AGITASIE

Dit is dan ook opvallend dat in ons eie land dit die Engelse kerke en Engelse pers is wat die maatreël van die regering veroordeel. Trouens, reeds tydens die Hollandse bewind aan die Kaap is daar 'n verbod op gemengde huwelike geplaas, maar sedert die koms van die Britte is hierdie beleid ongedaan gemaak as synde „onchristelik".

Kort na Unie, in 1911, het wyle oom Piet Grobler in die volksraad voorgestel dat gemengde huwelike verbied moet word, maar sy voorstel het geen kans gehad binne 'n regeringstelsel wat op die Britse tradisie gebou het nie. Intussen is daar al verkiesings geveg oor hierdie kwessie, en nou, na veertig jaar het die Unie eers die punt bereik dat hy hierdie lekkasie van sy blanke bloed kan toestop. As ons byvoorbeeld daaraan dink dat daar in die afgelope dekades gemiddeld 100 gemengde huwelike per jaar plaasgevind het, dan beteken dit al 4,000 gemengde huwelike met 'n eerste nakroos van, enigiets tussen 12,000 en 20,000 basters langs hierdie weg alleen.

DIE GEVOLGE

Hierdie lekkasie — van sowel huwelike as buite-egtelike verkeer — het enersyds ten gevolge gehad dat die kleuringsbevolking versterk is, en andersyds dat die blanke lyn binne die kleuringsgroep verskerp is waardeur dit moontlik gemaak is dat gekleurde bloed in die blanke gemeenskap kon deursypel. Dit is vir die blanke trots dan ook pynlik om uit 'n kleuringsblad te verneem dat reeds 'n kwartmiljoen kleurlinge in die blanke gemeenskap „verdwyn" het.

Dit is bes moontlik hieraan te wyte — hoe onaangenaam dit ook al mag klink — dat die Minister dit nie moontlik kon ag om afkoms as toets vir gemengdheid te stel in plaas van voorkoms, soos die wet tans belooft te wees nie.

Onder die Britse imperialisme met sy Britse tradisie is 'n euwel in ons land toegelaat om aan te kanker totdat ons vandag 'n wanhoopsmaatreël moet tref wat in die oë van denkendes op 'n te late uur van die dag geskied. Ons kan slegs hoop dat hierdie maatreël sowel as die belofte een teen buite-egtelike bloedvermenging met die strengste toesig toegepas sal word en dat veral die laaste met genoegsame sanksie beklee sal word om die euwel in sy verdere ontwikkeling te stuit.

Maar pessimisme slaan 'n mens om die hart as daaraan gedink word dat solank die Britse tradisie in die land gevoed bly deur Britse instellings, veral op staatkundige gebied, die gevaar nog altyd bestaan dat wat nasionale Suid-Afrika onder een bewind opbou, later weer net so maklik afgebreek kan word onder 'n ander bewind. Ons kan dus nooit sê dat 'n wet wat onder een bewind op die wetboek gekom het, 'n waarborg vir toekomstige geslagte inhou nie. Dit hang alles maar saam met die wentelende gang van die parlementêre wiel.

REGERING SE POLITIEKE BOEKE NAGEGAAN

(SLOT)

Hierdie is tweede en laaste deel van die „ouditeursverslag" van die Nasionale bewind se politieke boeke vir sy eerste jaar op heel onpartydige grondslag. Die eerste deel wat verlede week verskyn het, het gehandel oor die poste „Materieel" en „Rassebeleid". Ter vergemakliking van die bespreking plaas ons hieronder weereens die laaste drie poste soos onderverdeel in bates en laste:

III. — NASIONAAL

KREDIETE

- 1 Nouer samewerking tussen H.N.P. en A.P.
- 2 Groter vriendskap tussen V.P. en H.N.P.
- 3 Opheffing van verbod op A.B. en O.B.
- 4 Ondersoek na diskriminasie teen Afrikaners in Spoorwegdiens.
- 5 Amnestie aan „Oorlogsmisdadigers" en politieke gevangenes.
- 6 Beëindiging van dubbel-medium-onderdig.
- 7 Simpatieke houding teen Afrikaanse kulturele organisasies en kerke.

DEBIETE

- 1 Nog nie op „speaking terms" met O.B.
- 2 Veto A.P.-kandidate op grond van O.B.-lidmaatskap.
- 3 Dreigement van vervolging van O.B.-leiers op klag van skakeling met Duitsland.
- 4 Skinderveldtogte teen O.B.-leiding.
- 5 Belangrike staatsdokumente nog in hande van Harry Lawrence.
- 6 Dissosiasie met C.N.O.-beleid.

IV. — INTERNASIONAAL

KREDIETE

- 1 Manmoedige houding op V.V.O. en oorwinning oor Indië.

DEBIETE

- 1 Wantroue oor Suid-Afrika se rassebeleid (geërf).
- 2 Bewerings van Naziïsme.

V. — STAATKUNDIG

KREDIETE

Geen.

DEBIETE

- 1 Prysgawe van Republikeinse strewe.

(c) Nasionaal: Op 26 Mei 1948 was die blanke bevolking van Suid-Afrika hoofsaaklik drielidig verdeel: die hoofsaaklik Britsgesindes in die V.P. onder leiding van genl. Smuts; die republikeinse en nasionale elemente verdeel onder partyvolgelingen onder Havenga-Malan en non-partyaanhangers in die O.B. Hoewel laasgenoemdes deur die A.P. die regeringskombinasie gesteun het, het daar van H.N.P.-kant geen vriendskap teenoor V.P. of O.B. bestaan nie. Onderwyl is die verbod op die A.B. opgehef en moes dit ook teenoor die O.B. gedoen word, deels eerlik, deels omdat dit anders te ooglopend sou wees. Oorlogsmatreëls is tot niet gemaak ens. (vgl. die opsomming onder die pos.) Nieteenstaande alles het dit by die fundamentele nog nie gekom nie — die versoening met mede-, republikeinse, anti-oorlogsgesindes, nasionale Afrikaners, en hulle erkenning as volwaardige volks-, lands- en strydgenote. Afgesien van die skinderveldtogte uit H.N.P.-kringe teen O.B.-leiers; afgesien van die veto van kandidate van die vennootparty, verklaar die partyleier en regeringshoof amptelik in die Senaat dat hy en sy party nie op „speaking terms" met hierdie mense is nie.

BETER VERHOUDING

Aan die batekant moet wel gekonstateer word dat ten gevolge van die premier se jongste republikeinse verklaarings veral, maar ook uit hoofde van die regering se gesonde ekonomiese en tot dusver taamlik kleurlose Bantoe-beleid, 'n oppervlakkige en skynbare beter verhouding geskep is tussen die H.N.P. en die V.P., tussen Afrikaner en Engelsman oor die algemeen.

Watter van die twee prestasies — as u dit so wil noem — vir die toekomstige Suid-Afrika die belangrikste is? Wat die stoflike betref — gesien ons ekonomiese omstandighede en 'n

moontlike H.N.P.-V.P. koalisie — sal die vriendskap van die V.P. seker onmiddellik beter resultate lewer in terme van f.s.d. Maar as dit op geestelike, nasionale en morele waardes aankom, kan dit die eersgenoemde toestand nie neutraliseer nie. Samewerking en eendrag met die draers van die Britse konneksie in Suid-Afrika, sonder samewerking tussen ALLE Afrikanergroepe is 'n skynwaarde, wat dieselfde resultaat lewer as in 1914 en op 4 September 1939.

Hierdie debietpos is nog nie uitgewis nie. Trouens, die toekoms sal uitwys of die regering hierdie las deur sy optrede kleiner gemaak het, en of dit slegs foutiewe en bedrieglike boekhouding was.

(d) INTERNASIONAAL:

Hierdie pos het nie wesentlik verander nie. Die wantroue — hoofsaaklik kommunisties-geïnspireerd — in die rassebeleid van Suid-Afrika is nou nog vergroot deur verdere slagspreuke oor 'n Herrenvolk- en Naziïstiese beleid. Die taak van adv. Louw in die V.V.O. was dus nog enigsins moeiliker as dié van Harry Lawrence, maar deur die apologetiese houding vir 'n aggressiewe, kloekmoedige te veruil, het eersgenoemde daarin geslaag om Indië van sy hoë perdjie te laat afklim. Daarby is die isolasie spook verdryf deur die aandeel van die S.A. Lugmag in die Berlynse lugbrug en veral die premier se houding op die Statebondskonferensie.

As 'n verdere kredietpos moet hierby genoem word dr. Malan se idee van 'n Afrikabeleid. Vir ons verweer teen die komende Kommunisme en vir die toepassing van 'n apartheidsbeleid t.o.v. rasseaangeleenthede is dit onontbeerlik. Maar, in eerlikheid teenoor genl. Smuts, het hy nie ook 'n Afrikabeleid gehad en in praktyk probeer bring nie?

Wat hierdie pos betref het die regering sekerlik nie die geërfde

krediete verander na debiete nie, maar eerder die kredietys versterk.

(e) STAATKUNDIG:

In formele sin het die huidige regering die staatkundige posisie geërf soos verkry deur genl. Hertzog en soos geformuleer deur die Statuut van Westminster en die Statuswette, maar wesentlik soos deur genl. Smuts geïnterpreteer op 4 September 1939 — nl. oorlogsversterigde imperiale bande en vasgekooptheid aan Brittanje en die Britse kroon. Tot kort voor die Londense Konferensie was die beleid van die H.N.P. nog altyd die noodsaaklikheid van 'n republiek afgeskei van die Britse Statebond. (Vgl. die optrede teen dr. Otto du Plessis se suggestie van 'n Empaaier-republiek, en die skinderstories teen genl. Hertzog se s.g. Vrymesselaars-Empaaier-republiek, dr. Malan

Deur
J. H. Coetzee

se 1942-mosie e.a. uitsprake). Dit behels twee dinge — 'n ander status (afgeskei van die Britse Ryk) en 'n ander regeringsvorm ('n republiek). Histories gesien glo ek dat vir elke Afrikaner die eerste saak amper nog belangriker was as die tweede — die tweede moes ten dele eintlik net die bewys wees van die veranderde status. Weliswaar is dit ondubbelsinnig gestel dat 'n republiek nie uitgeroep sou word sonder spesiale opdrag van die volk nie. Al was die republiek afgeskei van die Britse kroon nie onmiddellike en praktiese beleid nie, tog was dit 'n punt van kardinale partybeleid.

BELEIDSVERANDERING

Die toespraak van die premier in die senaat voor sy vertrek, sy Londense optrede en sy verklaarings daarna in die Parlement, is 'n kardinale beleidsverandering. Daar mag niks in te bring wees teen verandering van beleid nie — veral nie wanneer dit rekening moet hou met behoeftes en omstandighede nie — maar daar is veel in te bring teen die oneerlikheid van ontkenning dat 'n verandering ingetree het. Hoedanig nou geskerm word met status en regeringsvorm, verandering van die Statebond, noodsaaklike eenheid, kommunistiese gevaar, vryheid binne die gemenebes, — dit is niks anders as 'n algehele prysgawe van vroeëre beleid, van die nastrewe van 'n eie republiek — nie net as status nie, maar as 'n vorm, 'n inhoud en status 'n simbool van 'n eie Suid-Afrikaanse nasieskap.

Die debietpos is deur dr. Malan vergroot tot 'n enorme nasionale en morele skuld teenoor sy party en die Afrikanervolk wat hy tans probeer verdoesel met die boekhouding van 'n geldverduisteraar.

As geheel genome blyk dit nou dat die Malanregering in twee van die vyf belangrikste poste 'n versterking van krediete kan toon. Maar hierdie twee is m.i. die minderbelangrikes in die boeke van 'n volk. Die drie (Vervolg op bladsy 5 kol. 3)

PROPAGANDA IN PLAAS VAN WETGEWING

Een van die uitstaande swakhede van die parlementêre stelsel is dat die eerste helfte van die sitting vir bykans niks anders as partypropaganda uitgebuit word nie. Dit open dan ook gereeld met 'n „mosie van wantroue” in die regering wat dae in beslag neem. Daarna word tydens die begrotingsdebat alles en nog wat bygesleep om die regering by die kieserspubliek in onguns te bring. Alle belangrike wetgewing moet dan oorstaan tot die laaste paar weke van die vyf- of sesmaandelange sitting, wanneer dit, nog steeds met die oog op partyvoordeel, in rekordtyd deurgejaag word. Die huidige sitting wat nou ten einde spoed het hierdie kenmerk opnuut beklemtoon.

Oor hierdie gebrek laat mnr. Willem van Heerden hom in Dagbreek as volg uit:

„En soos byna altyd gebeur, wemel die agenda nou in die laaste sittingsdae van belang-

Soos Ons Lesers Dit Sien

KRIOEL VAN MAMBAS

Mnr. P. W. Kloppers, Robertson, skryf:

Daar by die Voortrekker-Monument is 'n stapel klippe op een gestapel wat staan as 'n getuie van 'n eed voor die Allerhoogste, dat Afrikanerdom mekaar weer gevind het en mekaar se hande in mekaar geslaan het om nooit weer te laat los nie.

Die klipstapel as getuie voor God deug nie meer nie. Voor die onthullingsplegtigheid moet dit opgeruim wees as dit nie al opgeruim is nie, want dit krioel van mambas.

Die eerste mamba-pik was die vrymesselaarsbriewe gerig teen genl. Hertzog en juis oor 'n Empire-Republiek. Dit het hom in die woestyn gedryf as banneling. Hy was een van die twee hooffigure by die klipstapel.

Die tweede mamba-pik was gerig teen Pirow. Ons sien nog die groot hooflyn in Die Burger: „Pirow se Nuwe Orde in die Ban gedoen”.

Die derde mamba-pik was teen die O.B. Weer sien ons in Die Burger in groot vet letters: „Ultimatum gerig teen die Ossewabrandwag”. (Vir ds. C. R. Kotze na aanleiding van 'n brief van hom 'n tyd gelede in Die Burger; sou die Sappe hieroor 'n traan gestort het of was daar gejubel by hulle?) In Rhodesië het die eerste minister daar gesê dat dr. Malan sy oë oopgemaak het vir die O.B. So vele male het die O.B. sy hand uitgesteek, so vele male was dit afgeweer. So erg so dat tot groot vermaak in die Senaat dr. Malan aan sen. H. Nickolls die versekering gee dat hy nie praat met die O.B. nie. Hy, dr. Malan was een van die twee by die klipstapel wat 'n eed voor die Allerhoogste geneem het. (Oom Dawie van Die Burger, is dit 'n (Vervolg in volgende kolom)

rike werk. Van Januarie af tot 'n week gelede het die Volksraad byna al sy tyd bestee aan begrotings — addisionele begrotings, gedeeltelike begrotings, hoofbegrotings van sowel die Minister van Finansies as die Minister van Spoorweë.

„Om die waarheid te sê, die prosedure wat die Volksraad volg by bewilliging van fondse lewer 'n volmaakte voorbeeld van hoe moeilik dit is om enige menslike instelling volmaak te kry. Dié prosedure is met die beste bedoelings so omslagtig gemaak as dit is. Die oogmerk was namelik om te verseker dat daar geen gebrek aan geleentheid vir lede moet wees om enige denkbare aspek van die landsadministrasie uitvoerig onder die soeklig te bring nie.

„Daarom is voorsiening gemaak, eers vir 'n algemene debat na aanleiding van die Minister se voorstel om in begrotingskomitee te gaan, daarna vir komiteebehandeling van elke uitgawe-pos afsonderlik, en dan eindelijk vir middele-wetsontwerpe waarby min of meer dieselfde prosedure gevolg word as by gewone wetgewing en wat dus geleentheid bied vir splinter-nuwe bespreking van dieselfde temas.

„In ag geneem dat die Ministers van Finansies en Spoorweë saam tot ses begrotingsvoorstelle in een sitting kan hê, volg dit dat maklik 'n halwe jaar bestee kan word aan al die besprekings wat daardeur moontlik gemaak word.

DIE SWAKHEID

„Die noodsaaklikheid daarvan

(Vervolg van vorige kolom)

mooi voorbeeld van 'n volksleier?)

Die gif van die mamba kon die O.B. nie uitroei nie.

Nou verswyg die H.N.P.-pers die Ossewabrandwag net soos die Amerikaanse vrou haar kind tien jaar lank vir die publiek verswyg het, deur hom op te sluit, waarvoor sy onlangs beboet is. Die kind se geslaan teen die deur om uit te kom is seker deur sy moeder ook beskou as „aanvalle” waarvoor hy gestraf is. Maar sy kon hom nie bly wegsteek nie. Die publiek het hom uiteindelik ontdek. So sal die Ossewabrandwag ook nog deur die volk ontdek word.

om al hierdie geleentheid vir die Volksraad te verseker, spreek vanself. Aan die ander kant is die swaakteit van die stelsel dat die menslike natuur nie bestand is teen die versoeking wat daardeur in die weg van lede gelê word nie. Want instede van om te bly by die oorspronklike bedoeling en te voorsien met deurtastende ontleding en bespreking, word geweldig veel tyd bestee aan gewone propaganda-toesprake en pogings om politieke spyse te berei vir die gehoor buite.

„Die regering kan natuurlik in sekere gevalle debatsluiting toepas maar geen regering wil graag beskuldig word dat hy kritiek probeer ontwijk nie. Gevolglik laat die regering, behalwe in uitsonderlike gevalle, maar begaan. Gevolg is dat nie net lede hulle tyd mors met politieke demonstrasies — en dikwels skyngewegte tussen die partye — nie, maar dat ook Ministers se aandag in beslag gehou word omdat hulle natuurlik altyd gereed moes wees vir verdediging.

„Die sitting wat nou ten einde spoed, was in hierdie opsig geen uitsondering nie. Daarom kom op die laaste tippie sulke belangrike stukke wetgewing soos die van dr. T. E. Dönges, wat gemengde huwelike wil verbied, mnr. N. C. Havenga se wetsontwerp vir die stigting van 'n Finansiële Korporasie, mnr. B. J. Schoeman se nuwe wysiging tot die Werkloosheidsversekeringswet en dr. Dönges se belangrike wetgewing in verband met Unie-burgerskap.”

Tot sover mnr. Van Heerden.

DIE OORSAAK

Die moeilikheid waarna die skrywer verwys ontstaan natuurlik weens die feit dat die volop geleentheid wat gelaat word om die landsadministrasie onder die soeklig te plaas, nie benut word vir die doel waarvoor dit toegestaan word nie, maar te baat geneem word om propaganda te maak vir die opponerende partye sonder in agneming van die ware landsbelang. Die taak van die opposisie is in teorie om die regering te kritiseer in belang van die land, maar in praktyk is dit kritiek wat daarop bereken is om die regering tot so 'n onmag te dwing dat die kiesers hom by 'n volgende verkiesing sal uitsmyt weens sy „onbekwaamheid.” Dit is dieselfde spel wat die Kommuniste speel — stort 'n land in soveel ellende as moontlik, dan sal die werkers uit wanhoop 'n kommunistiese revolusie steun.

REGERING SE BOEKE

(Vervolg van bladsy 4 kol. 5) mees fundamentele „begrotingsposte” toon weinig verandering ten goede, trouens een van die belangrikste daarvan — die van ons eie Republiek — het ontwikkel tot 'n enorme skuld wat dr. Malan weier om te betaal. Sal hy die debiete in die volgende vier jaar kan uitwis of sal die O.B. die volksverantwoordelike hiervoor alleen moet aanvaar? Dat die Ossewabrandwag daartoe gewillig is ly geen twyfel nie. Mag hy dan ook die genade ontvang om dit te kan doen.

SWEEP-TIRANNIE IN AKSIE

Die Cape Times het die afgelope week op treffende wyse die optrede van die partysewepe geskilder in hul pogings om lede die swye op te lê. Die blad skryf:

„Mnr. J. J. Serfontein, hoof-regeringsweep was soos 'n agterstevoor koorleier in die volksraad toe hy langs die regeringsbanke afgestap het en aan sy bende beduie het om nie toesprake te hou nie.

„Dit was tydens die bespreking van die internasionale koringooreenkoms waarvoor „Cappie” Strydom begeer het om sy mening uit te spreek. Maar die swepe probeer deesdae om by die strenge rooster te bly met die hoop om die sitting moontlik die end van aanstaande week te beëindig.

„Sommige lede het meer belangstelling getoon in mnr. Serfontein se poging om „Cappie” in toom te hou, as in koring.

„Nadat mnr. Steve le Roux die ooreenkoms verduidelik het,

het mnr. Frank Waring — die Huis se deskundige oor wêreldvoedseltransaksies — 'n toespraak afgesteek wat die swepe blykbaar as voldoende geag het oor die onderwerp.

„Toe die Minister opstaan om te antwoord, het dr. Abraham Jonker opgespring en die oog van die Speaker gevang. Dit was te veel vir „Cappie” — maar hy was te laat om „gesien” te word.

„'n Haastige samespreking het daarop gevolg tussen mnr. Serfontein en mnr. Fenner Solomon, die opposisie se adjunk-sweep. Laasgenoemde het afgesit na dr. Jonker se bank, maar voordat hy enige onderdrukkingstaktiek kon toepas, het die lid vir Tuine (dr. Jonker) sy stukkies voltooi.

„Toe kon mnr. Le Roux sy antwoord inkry en „Cappie” het sy beurt vir altyd verloor.”

REGERING VERLOËN C.N.O.-PAMFLET

Niemand is deur die pamflet van die I.C.N.O. oor Christelike-nasionale onderwys gebonde nie en wat die regering betref, is hy gebonde aan die beleid van die Nasionale Party, het die Minister van Onderwys, dr. A. J. Stals, verklaar toe hy die afgelope week in die senaat geantwoord het op vae wat sy standpunt teenoor Christelike-nasionale onderwys is.

Minister Stals het gesê dat die I.C.N.O.-pamflet die resultaat is van studie deur 'n groep manne wat as leidraad vir ander gepubliseer is. Die manne is drie onderwysmanne, vier geestelikes en drie bekende politici. Spraken almal behalwe een persoonlik en hulle kan voor Suid-Afrika staan en hulself verdedig. Hulle hoef nie verdink te word nie.


Niemand is aan die pamflet gebonde nie, allermens die huidige regering. Hy het daar geen deel aan gehad en het dit nooit oorweeg nie.

PARTY SE BELEID

Wat Christelike-nasionale onderwys as sodanig betref, is sprake van die regering gebonde aan die

beleid van die Nasionale Party. Volgens artikel 18 van die program van beginsels van die H.N.P. is die Party se onderwysbeleid as volg:

„Die Party beskou dit as die plig van die owerheid om toesig te hou oor die onderwys en om te sorg dat elke kind na aanleg en geleentheid onderwys ontvang gebasseer op gesonde opvoedkundige en nasionale beginsels. Daarby dring hy daarop aan dat by die uitoefening van hierdie plig behoorlik rekening gehou sal word sowel met die Christelike-nasionale grondslag van die staat, as met die reg van die ouer om te bepaal in watter rigting hierdie onderwys gegee moet word wat betref die sedelike en godsdienstige vorming van die kind.”



ALMAL afhanklik van Assuransie!

Die KINDJIE—vir die sekerheid van 'n geldelik versorgde lewe, al is die ouer dan nie meer daar nie.

Die SKOOLSEUN—vir 'n opvoeding wat nie onderbreek sal hoef te word nie.

Die STUDENT—vir 'n beveiligde loopbaan. Sy studiegeld word gedek deur die polis wat in sy jeug al uitgeneem is.

Die EGPAAR—vir die geldelike beveiliging van die gesinnetjie en die eiendom wat hulle met soveel sorg en opoffering opbou.

Die WEDUWEE—vir 'n leeftog vir haarself en haar kroos, wat sy bymekaar kan hou en onder haar sorg kan opvoed.

Die GRYSKAARD—vir die onbekommerde oudag wat hy nou kan geniet, danksy die polis wat hy nog as jongman uitgeneem het.

Vir ELKEEN is daar

'n SANLAM-Polis!



SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENSASSURANSIE-MPY.BPK.

TAKKE DWARDEUR DIE UNIE
HOOFKANTOOR: WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD



Het nou so pas sy groot verskeidenheid winterstowwe uitepak, en nooi sy ondersteuners vriendelik uit om dit te kom besigtig.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.
Handelsadvertensies:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.
Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

ALGEMEEN

AANDAG! Neem asseblief kennis dat ek vanaf April 'n Markagentskap begin — Munisipale Mark, Uitenhage.
B
Adresseer u produkte — en wees verseker van beste resultate en onmiddellike uitbetalings. — U. S. Bellingan.
9/3/49 TK

GRATIS PRYSLYS

Vir 'n gratis pryslys van vars Goewernmentsertifiseerde Groentesaad skrywe aan Kango Saadkwekers, Posbus 107, Oudtshoorn. 8/6/TK.

TE KOOP

„HOTPOINT” ELEKTRIESE STOOF.

3 Plate met diepte-stoomkoker, syoond, Thermomatiese kontrole; so goed as nuut. Prys f48. (Nuut f104). Skryf aan H. Campbell, Posbus 28, Stellenbosch, of bel 154, Stellenbosch.

BEESTE: Opregteerde Jerseybeeste uit die beste bloed en melk-rekords. Koele en verse. — Zeeman, Robertson. 1/12/TK

BOERMEEL

BOERMEEL op ons bekende steenmeule gemaal, 21/7 per 100 lb.; gesifte meel, 24/9; witbroodmeel, 26/5; en meelblom, 28/1; plus bankkommissie, per 100 lb. sak. K.M.B. — Mission Store, Ellim, K.P.

T.K.

GENEESMIDDELS

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons gratis proefmonster aan enige lyster sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREW SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van Premiers, P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

MEDISYNE

BLY JONK. Verban gryshare. Gryshaarwonder, nuutste wêreldmiddel teen gryshare, skifers, ens., waarborg gesonde, natuurlike kleur hare, of geld terug. Geen kleurstof. 5/- posvry. Geld met bestelling. Kwale, siektes behandel. — Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. (Nr. 1) 2/3/TK

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stoetkarretjies, driewiele, linoleums, tapye, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangtel. — VISSER-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-Ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Poon 9-8435.

GEDROOGDE VRUGTE. — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaal in Unie, in 5 en 10 pond-kassies. Appeltjies 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8½; Rosyne, 3-Diamant, 10½d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

GESUKERDE VRUGTE. — Barrymerk gesukerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pond-kassie, posgeld betaal in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesukerde en gedroogde vrugte ten behoeve van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

SOUT

SOUT vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaat. Soutwerke tevredeheid gewaarborg. Adres: Komde, Mv. Martie Venter, Posak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 19/1/TK

Pragtige Modelle
in Winteruitrusting
BY

Steyns

Die Modewinkel
PAROW

Sal Fees Tweetalig Wees?

Namens die Minister van Binnelandse Sake is daar verlede week in die Senaat geantwoord op vrae insake die othulling van die Voortrekkermonument op 16 Desember vanjaar.

Die Minister is gevra of albei Suid-Afrika se volksgroepe welkom sal wees by die fees. Daar is geantwoord dat die fees van so 'n aard sal wees dat sowel die Afrikaans- as Engelssprekende dele van die volk dit met die grootste vrymoedigheid sal kan bywoon.

Die program vir die inwyding moet nog opgestel word en sal onderhewig wees aan die goedkeuring van die regering. Die kwessie of albei tale gebruik moet word en wie die sprekers moet wees, moet nog oorweeg word, het die Minister gesê.

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bpk.
MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers,
Begravnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria
154 Takke

WAPENS EN AMMUNISIE van alle soorte

Groot voorraad .22-Gewere

Manie de Villiers,
Plaza-Toiletsalon,

Voortrekkerweg 102A - PAROW
Telefoon 98-9161 28/8/TK

Cederberg Rooibostee

Spesiaal gekweek
Suiwer; Eerstegraad
Verpakker „TEEKONING”
Citrusdal, K.P.

IS U 'N REPUBLIKEIN?
Dan is DIE O.B. u blad

VUL ASSEBLIEF HIER IN

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,
Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....

vir die eerste.....maande.

NAAM:
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES:

Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/6 per halfjaar.
Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

Begeer Dade In Verband Met Republiek

In Die Transvaler, H.N.P.-orgaan in die Noorde, verskyn daar nog gedurig van tyd tot tyd briewe van lesers wat hulle nie kan neerlê by dr. Malan se onlangse verklaring oor die republiek nie.

In een van die jongste aflewering van die blad, skryf J. W. van Pretoria:

(vervolg in kolom 5)

VERKIESING DALK BETWIS

Die H.N.P.-pers berig dat daar aanduidings is dat die Verenigde Party hom voorberei om in die hof die uitslag van die tussenverkiesing in Vereeniging te betwis. Die H.N.P.-kandidaat, dr. J. Looek, het met 16 stemme ingekom.

Daar word voorts berig dat die H.N.P. ook met dergelike werk besig is en dat daar van hulle kant eweneens besware geopper sal word.

KO-OPERATIEVE WIJNBOUERS VERENIGING VAN ZUID-AFRIKA, BEFERKT.

(Geregistreer kragtens die Wet op Ko-operatiewe Verenigings, 1939)

LOODGIETER

Aansoeke word ingewag tot 30 Junie 1949 om die betrekking van Loodgieter. Meld kwalifikasies, ondervinding, ouderdom en salaris verlang. Daar is 'n pensioenskema vir die personeel. 'n Gesondheidsertifikaat is 'n vereiste.

Aansoeke gemerk „LOODGIETER” moet aan die Sekretaris, K.W.V., Posbus 528, ZUIDER PAARL, gerig word.

15/6/2.

VERVOERDIENS

Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met

J. A. STRAUSS

Posbus 64 - - - - - Telefoon 9-8355
PAROW

'n Boeredogter Skryf Oor Kwaad In Ons Volkslewe

Ons volkslewe is vol moeilikhede en struikelblokke. Somtyds vra 'n mens jouself af wat die grootste kwaad in ons volkslewe is, en wat gedoen kan word om daardie swak punt te verbeter. Daar is natuurlik baie moeilikhede bv. die verdeeldheid onder ons volk.

Ons land se slagspreuk is „Ex Unitate Vires” wat beteken „Uit Eendrag kom Mag”; maar hoeveel van ons kom daardie leuse na? Dink maar bv. aan die verskillende partye en hulle swartsmeertaktiek! Politieke partye wat voel dat hulle te swak is om mededinging van ander partye te duld en dan deur skinderstories die gevreesde party of Beweging se minder vurige lede na hulle kant probeer oortrek. Politieke partye beskinder mekaar, saai tweedrag onder die volk en dryf ons nasie uitmekaar. Was dit maar al! Bewegings wat niks met politiek te doen het nie moet ook deurloop en hulle leiers word daarvan beskuldig dat hulle hul inneng met die sake van die verreweg onpopulêrste party in ons land.

Dan is daar ook nog mense wat skynbaar daarop uit is om bewegings in 'n slegte lig te stel deur lede van die beweging te beskinder en te beskuldig van dinge wat nie so is nie. 'n Beweging soos die O.B. word daarvan beskuldig dat hulle, met die oog daarop om die volk te verdeel en op te hits teen mekaar, propaganda maak vir vreemde moondhede, geboue sonder rede opblaas en allerhande sulke kaf. Die leier van die O.B., so word gesê, is kop in een mus met die leier van die V.P. Waarom al die skinderstories? Net om verdeeldheid te saai. Om nou reguit te praat: Die mense van sekere partye is bang dat die O.B. op die lang duur die oorhand sal kry en Suid-Afrika tot 'n Republikeinse land met 'n absolute volksregering sal omskep. Genoemde partye wil liever boeties-boeties speel met ander lande en ons eie land daaronder laat ly.

Ons voorvaders was Patriotte. Hulle het geveg vir hulle vryheid en regte. Hoekom nie ons ook nie? Hoekom moet ons luister na wat ander lande se grootkoppe vir ons voorskryf? Hoekom kan Suid-Afrika nie op

(vervolg op bladsy 7, kolom 5)

(vervolg van kolom 3)

Om aan te hou sê Suid-Afrika kan 'n republiek word, as die volk so besluit, bevredig seker duisende nie. Ons kon in 1915 en in 1926 ook al 'n republiek geword het, as die volk so besluit het. En ons sal in 2049 nog geen republiek wees nie, as die volk nie die geleentheid kry om te besluit nie.

Ander en ek is genoeg op die hoogte van ons politieke toestand om alle implikasies en komplikasies te verstaan en deur te sien, maar daar kan 'n breekpunt kom. Ek kan bv. o.a. nie met dr. Malan saamstem as hy sê dat daar duisende was wat wel vir die H.N.P. gestem het ter wille van sy natuurlike politiek, maar dit nie sou gedoen het as die totstandbrenging van 'n republiek ook 'n belofte was nie.

Maar wat moet nou gedoen word? As andere en ek sou sê ons moet 'n republikeinse blok, indien dan nie 'n party nie, vorm, dan sal u stellig antwoord: Nee, die leiers van die H.N.P. of die H.N.P. sal die republiek ter geleëner tyd tot stand bring, want dit staan in sy konstitusie en besluite. Maar dan antwoord ons, ja, maar van praat kom niks.

Ons wil juis nie ons politieke toestand bespreek nie, hoewel ons ons sienswyse wel kan verdedig. Ons sal ook dadelik toegee dat, al had ons 'n H.N.P.-regering, die rommel nie in 'n dag of selfs in 'n jaar verwyder kan word nie, selfs al beloof prof. Fanus du Toit ook al sy invloed. Wat ons i.v.m. hierdie saak egter verlang, is 'n daadwerkdike stap.

AAN ALLE LESERS

Baie Belangrik

Ons wil graag vir elke persoon, kind of volwassene, wat in hierdie blad, DIE BOEREJEUG, belangstel en 'n gereelde leser daarvan is, vra om meegaande vormpie dadelik in te vul en aan ons terug te stuur. Ons neem hierdie stap in ons lesers se voordeel, die rede waarom hulle later sal uitvind.

As daar meer as een leser in 'n huis is, is een vorm vir so 'n huisgesin genoeg.

Stuur dadelik die vormpie, anders gaan jy dalk later spyt wees dat jy dit nie gedoen het nie.

A A N :

Die Redakteur,
„DIE BOEREJEUG,”
Posbus 1411, Kaapstad.

Ek is 'n gereelde leser van ons blad, DIE BOEREJEUG, en sal bly wees as u my naam vir rekord-doeleindes op u register plaas.

VAN.....

VOORNAME.....

ADRES.....

Ouderdom..... Datum.....

Ek is lid van die Boerejeug — JA/NEE

'n Oop koevert met 'n ½d.-seël sal genoeg wees.

Boere Jeug

AMPTELIKE

ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 15 JUNIE 1949

Boerejeugnuus:

GEBIED A SE OFFISIERE TREK LAER

Na aanleiding van 'n besluit op 'n onlangse Offisiere-saamtrek te Wellington, het die offisiere van Gebied A verlede naweek, 4 en 5 Junie, op die plaas Rust-en-Vrede, naby Stellenbosch laergetrek.

Reeds die Vrydagaand het die eerste laergangers hulle opwagting gemaak en daar is in breë trekke besluit wat gedoen sal word. Komdt. Callie le Roux was in bevel van die laer. Nadat daar hard gewerk is aan die terrein, is die res van die naweek gewy aan opleiding van die offisiere.

Met die vlaghysing aan die begin van die laer, het komdt. Le Roux verskoning gemaak vir die afwesigheid van Hoofkommandant Plenaar, wat weens onvermydelike omstandighede nie voor die Sondagoggend kon kom nie.

Saterdagmiddag was hoofsaaklik gewy aan paradewerk en elke offisier het ook die kans

die seuns baie pret verskaf het. Daar is darem nie heeldag net gewerk nie. Die opelug het gesorg vir 'n goeie eetlus en daar is erg weggelê aan die wors en braai-ribbetjies — om die heerlike Boeretrou nie te vergeet nie.

Sing-sing het die seuns huiswaarts gekeer na 'n baie aangename dag. (Berig deur Asst.-Veldkornet J. Bothma).

Kanoneiland:

Die Boerejeug van Kanoneiland het onlangs 'n baie geslaagde funksie gehou. Hoewel dit baie koud was en die opkoms maar klein, het hulle 'n mooi sommetjie ingesamel.

Daar is twee vlagparades gehou en die aand by die kampvuur was Oom Tol Liebenberg en asst.-veldkornet Jakob Liebenberg ook teenwoordig. Die Boerejeug het Oom Tol se vertelling terdeë geniet.

Na afloop van die funksie het wagkomdt. Du Plessis almal bedank wat so fluks meegehelp het om die aand 'n sukses te maak.

(Berig deur Noordewind).

ANDER BOEREJEUGNUUS
op bladsy 6

VERJAARDAG-KETTING

Die onderstaande maats het gedurende die afgelope week verjaar. Ons wens hulle van harte geluk.

JUNIE

- 10 Maria Killian, Middelburg, Tvl.
- 12 C. Rademeyer, Oudtshoorn. Martha du Preez, Groot Marico.
- 13 Elna Kruger, Paarl. Sarah Nieuwoudt, Dist. Vryburg. Sarel Nieuwoudt, Dist. Vryburg.
- 14 Henrietta Sönhege, Stellenbosch. Anna Willemsse, Bultfontein, O.V.S.
- 15 Villicia de Kock, Stellenbosch.

Hoofkwartier van Boerejeug Nou In Kaapstad

Die Hoofkwartier van die Boerejeug is van Pretoria oorgeplaas na Kaapstad. Die nuwe adres is Posbus 3471, Kaapstad. Alle korrespondensie moet dus voortaan hierheen gerig word. Verdere aankondigings in verband hiermee sal later gedoen word.

BRIEWE-KOLOM

Posbus 3471,
KAAPSTAD.
15 Junie 1949.

Beste Boerejeug-maats,
Die briewe begin al weer stailaan afneem. Is dit die vakansie wat aan die kom is, maats? Baie dankie in elk geval vir die paar briefies wat ons wel gekry het. Almal skryf hoe koud dit by hulle is. Hier by ons in die Kaap is dit egter betreklik warm, 'n mens sou amper nie sê dat dit al winter is nie.

S. D. BADENHORST, MAYFAIR-WES, JOHANNESBURG skryf dat hy graag in verbinding met die Boerejeug van Johannesburg wil kom en dat hy 'n gereelde leser van ons blad is. Hy vra ook om meer inligting omtrent die uniform. (Ons sal u brief aan Boerejeug-hoofkwartier oorhandig en hulle kan dan weer met u skakel in verband met die kontakte in Johannesburg. Ons is bly om te bemerk dat u ook gereeld ons blad lees. Wat die uniform betref stuur ons 'n uitknipsel uit 'n vroeëre uitgawe aan u. — Red.)

HANNIE van TWEERIVIER het weer aan ons geskryf en sê dat sy teleurgesteld is dat daar partykeer so min briefies verskyn. Hulle het 'n uitstappie na die berg gehou en kon nie juis

kiekies neem nie omdat die son al agter die broodbome weggesak het. (Ja, Hannie, ons is ook partykeer teleurgesteld as die briefies so min is. Ons is jammer dat julle nie die kiekies kon neem nie, daar ons graag daarvan in ons blad sou wou geplaas het. — Red.)

KOMDT. HITGE van OUDTSHOORN skryf dat een van hulle Boerebabas na die Groote Schuur-hospitaal kom. (Baie dankie vir die poskaarte, Kommandant, ons maak van die een gebruik. Ons kan u verseker dat u gladnie te veel nuus stuur nie, ons is maar te bly om die briewe en beriggies te ontvang. In verlede week se uitgawe het ons besonderhede in verband met die „Sam Brownes" geplaas. — Ons sal verseker die maat in die hospitaal gaan besoek. — Red.)

Maats wat met penmaats in verbinding getree het en nie kan terugskrywe nie, moet tog verseker vir die maats so gou as moontlik laat weet as hulle nie weer kan terugskrywe nie. Maats wat penmaats gevra het moet ook vir die maats laat weet wanneer hulle nie meer kan neem nie. Dit is nie mooi om sommer stil te bly nie.

Boerejeug-groete,
BOEREJEUG-REDAKSIE.

BOEREJEUG-OFFISIER. HET U AL INGETEKEN OP ONS OFFISIERS-BLAD „VLEISLAG"? DOEN DIT VANDAG BY POSBUS 1059, PRETORIA.

Die Pligte Van 'n Tent-Veldkornet

Dit is die beuel wat my uit my drome wek. Kwart-oor-ses en opstaan-tyd. Daar is die eerste fluit reeds. „Kom Riatjie dat ek jou hare help vleg".

Nou, weg is ons wasdam-toe. Ai daar steek 'n yslike doring vir Marika. Ek het hulle so mooi gewaarsku teen die dorings en gemaan om hulle skoene aan te trek. Nou eers na die noodhulp-tent sodat die doring uitgehaal en die wond ontsmet kan word.

Ek voel vanoggend regtig bewierig want twee van my tent se dogters moet die vlag hys. Alhoewel ek darem mooi verduidelik het wat hulle moet doen, kan 'n foutjie tog te maklik insluip. Dit is nie dat hulle nie weet wat om te doen nie, maar 'n mens moet darem maar net weer die verskillende bewegings vir hulle noem.

Dankie tog, nou bly slegs die inspeksie nog oor. Die onthyt is verby en ek het toegesien dat almal genoeg gehad het. Almal weet hoe om die komberse te vou, behalwe Riatjie en as sy vir my so 'n handjie bysit sal ons sommer gou alles in die haak kan kry. Laat ek gou sien, ja, almal se skoene blink soos 'n spieël en jy sou nooit sê dat my span so hard moes potte skuur as jy na hulle naels kyk nie. Alles in die haak. Ek hou darem 'n ou lappie in my sak wat ons gebruik om die skoene weer so 'n bietjie te poets wanneer ons in die ry staan. Die droë stoffies is tog alteslaag.

Inspeksie is ook eindelijk agter die rug. Nou voel 'n mens sommer weer of jy berge kan versit. Daar is nog 'n tydjie oor voordat die volgende fluitjie geblaas word. Ons gaan gou die dag-program na sodat ons presies weet wat verder gaan gebeur. Ek maak nota van alles sodat ek presies weet wat aangaan en vir my tentmaats kan sê wanneer hulle miskien navraag doen. Ons bespreek gou so 'n paar dingetjies wat ons tent vanaand by die kampvuur wil doen maar kry nie klaar nie. Die fluitjie vir praktiese dissipline klink skril van die bo-ent van die paradegrond af en ons laat nael om betyds daar te kom.

„Goeie nag Boere, Goeie nag Boere!" Ja, dit is alweer 'n ander kampvuur wat verby is.

Gou soek ek my tentmaats bymekaar en ons maak gou om by ons tent te kom. Ons is almal vaak na die dag van werksaamhede. Voordat die ligte-uit-beuel geblaas word kan ons nog so 'n bietjie lag oor die grappies by die kampvuur.

„Is almal nou onder die komberse? Ek wil die lantern doodblaas". 'n Mens sukkel so 'n bietjie om almal in die bed te kry, want die grond is lekker hard en kort-kort word die komberse weer anders gegooi. Soja, nou net nog inkruip en dan kan ek lekker slaap. „Wat 'n wonder, ek hoef nie vanaand weer te praat oor die geraas nie. Dit lyk my gisteraand se prekie het so 'n bietjie gehelp", dink ek terwyl ek begin insluimer.

(Veldknte. G. Bothma.)

Opstelwedstryd

Dit is vir ons 'n genoeë om bekend te maak dat die wenner in die Opstelwedstryd Veldkornette G. Bothma, Unie-straat, OUDTSHOORN, is. Baie geluk Veldkornette.

(Vervolg van bladsy 6 kol. 5)

Die voete staan nie? Dit is alles net te danke aan papbroeke wat bang is dat ons tot niet sal gaan as ons nie na ander lande se pype dans nie. Hoekom nie ons eie wil deurvoer en dan eerbaar ten gronde gaan i.p.v. papbroekerig en lamsakkerig te bly voortbestaan nie?

Dit is waarvoor bewegings soos die Boerejeug daar is: Om die kinders van die Boer opregte Suid-Afrikaners te maak, en om dus die toekomstige leiers van ons volk, mense met wilskrag en deurstellingsvermoë wat tot voordeel van die volk sal handel, daar te stel; om daardie neiging van tweedrag en oneenheid te verban, en om opreg in alles te wees.

LANK LEWE DIE BOEREJEUG!

(Johanna Leeuwner, Potchefstroom).



Twee van Oudtshoorn se Boere-seuns besig met sein-oefening.

gekry om bevele te gee.


Die aand het komdt. Jan du Toit vertel wat hy van 'n modelkampvuur-program verwag en daar is dan ook probeer om so 'n kampvuur te hou.

Die voorligtings-offisier van die O.B., genl. W. R. Laubscher, het ook die laer besoek en 'n baie interessante praatjie gehou oor die verhouding van die Boerejeug tot die O.B. Offisiere het ook die geleentheid gehad om vrae te vra.

Die offisiere neem graag die geleentheid te baat om komdt. en mev. Roos, op wie se plaas hulle laergeslaan het, asook vir Tielman baie hartlik te bedank vir hulle gasvryheid en hulpvaardigheid.


Oudtshoorn:

Oudtshoorn se Boere-seuns het onlangs 'n genoeëlike dag deurgebring toe hulle op 'n uitstappie na die veld was. Dit was 'n vakansiedag, Dinsdag 31 Mei. Die afdeling het goed van hulle kans gebruik gemaak om die seuns, veral die klompie nuwes, goed te brei. Daar is hard geëfen aan vlagparades, wagte-wisseling, parade-werk en sein. Aangesien die seinwerk 'n tydjie neem voordat 'n mens dit ken is dit vanselfsprekend dat dit



(Links): Een van die spanne wat, tydens die Paasnaweek-laertrek te Bellville, aan die kompetisies deelgeneem het.

(Onder): Die sierlike optog van laergangers, wat die kompetisies voorafgegaan het, tydens die Paasnaweek-laertrek.



Britse Partybewind Braai Op Kole Van Verkiesingsbeloftes

Partypolitieke sosialisme is besig om sy bankrotskap in Brittanje te openbaar. Vir baie jare het 'n politieke party die hemel op aarde belowe aan die Britse werkers ten einde laasgenoemde se stemme te vang in verkiesingstye. Hulle het dit reggekry om die Britse vakbonde by hul party in te skakel en op die manier 'n magtige verkiesingsmasjien daar te stel wat in die verkiesing van 1945 dan ook 'n oorweldigende meerderheid by die stembus bereik het.

In die afgelope weke het die wêreld net verneem van stakings en ontevredenheid in Britse arbeidskringe — opstand teen die party wat na vier jaar se bewind sy reuse-beloftes na die beste van sy vermoëntjie probeer uitvoer het.

Binne die Britse parlementêre stelsel het sekere politici 'n gulde geleentheid gesien om 'n reuse-deel van die volk se stemme agter hulle in te skakel as hulle hulself kan opwerp as die voorvegters van die werkende klas. Hierdie mense het bereken dat meer as sestig persent van die kiesers tot die werkende klas behoort en met hulle

ingeskakel agter 'n party, behoort geen ander mededinger by die stembus gevrees te word nie. So byvoorbeeld het die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty, wat hierdie Britse resep 'n dertig-veertig jaar gelede heelhuids oorgeneem het, 'n tydjie gelede sy sommetjie gemaak en toe tot die ontdekking gekom dat hy nooit aan bewind sal kan kom solank die naturelle sonder stemreg is nie, omdat 68 persent van die kiesers in Engeland aan die proletariaat behoort vir wie die party se beloftes aantreklik lyk, terwyl in Suid-Afrika die meerderheid van die proletariaat geen stemreg het nie.

BELOFTES

In Engeland was hierdie 68 persent vir die grootste deel ingeskakel by die Arbeidersparty en hulle het soos een blok vir die party in 1945 gestem. Aan hulle is belowe minder werk en meer betaling wat gepaard sou gaan met die nasionalisering van alle groot bedrywe.

Die Arbeidersregering het dan ook 'n deftige poging aangewend om 'n skyn van verwesenliking van sy doelstellings te bewerkstellig. Groot nywerhede, onder andere die spoorweë, is genasionaliseer, dit wil sê in plaas van die private base het hulle nou die Arbeidersparty se staats-amptenare of partyboeties as base gekry. Die werker het nie

veel van die verandering bewus geword nie, behalwe dat 'n klompie betaalde vakbondeleiers groter en vetter poste gekry het binne die staatsmasjinerie en nou tjoepstilt is.

VERLIESE

In plek van meer geld het die spoorweë groter verliese getoon sodat in die eerste vier maande van die jaar daar byvoorbeeld 'n daling van £4,000,000 aan inkomste was. Aan die verkiesingsbeloftes van hoër lone en minder werk kon nie uitvoering gegee word nie. Die gevolg is dat daar oral stakings begin uitbreek het. Die misleide stemme, wat gemeen het dat hulle self aan bewind kom, begin nou uitvind dat hul griewe en begeertes maar net uitgebuut is deur gewentenlose partypolitici wat daarin 'n vrugbare akker tot selfverheffing gesien het.

Daarom is daar tans oral stakings aan die gang. Die hawens word lamgely deur dokwerkers wat weier om te werk terwyl 'n sloerstaking op die spoorweë aan die gang is, in 'n eis om hoër lone.

HOE NOU?

Intussen het die party die afgelope week in Blackpool in kongres byeen gekom om 'n verkiesingsbeleid op te stel vir die verkiesing aanstaande jaar. Die Britse pers verklaar dat die party te doen het met die grootste krisis sedert sy bewindsaanvaarding. Dit is te begrype, want sy ou beloftes tel nou teen hom en nuwes sal kwalik geglo word deur die misleide 68 persent kiesers. Daarom verwag waarnemers dat die Arbeidersbewind in Brittanje se dae getel is tensy hy met 'n verrassingsverkiesing in die volgende maande voor die dag kom, voordat die stroom te sterk teen hom gedraai het. In daardie geval kan hulle dan vir nog vyf jaar aan bewind bly, hoewel hulle en die hele wêreld dan sal weet dat hulle die vertroue van die meerderheid kiesers nie eens vir die volle eerste vyf jaar van hul bewind kon behou het nie. Maar dit is glo heeltemal 'n oulike en slim manier om aan bewind te bly met „demokratiese” metodes!

DRAAIENDE WIEL

In elk geval het partypolitieke sosialisme — die idee om stemme binne die parlementêre stelsel te vang met sosialistiese slagspreuke — sy bankrotskap klaar bewys. Brittanje het vir die soveelste keer die bewys gelewer dat 'n politieke party, selfs al het hy 68 persent van die kiesers by 'n stembus agter hom, vasgebind is aan 'n draaiende

(vervolg in volgende kolom)

Afrikaners Soek Eenheidsfront In Suidwes

Die Nasionale Party van Suidwes het die Afrikanerparty van die gebied genader met die oog op amalgamasie van die twee partye. Hierdie feit het verlede week aan die lig gekom tydens samesprekings wat oor die voorstel gevoer is deur mnr. J. A. Cronje, voorsitter van Suidwes se Afrikanerparty, met die leier, min. N. C. Havenga, en die uniale voorsitter, mnr. Harm Oost.

Na afloop van die samesprekings is 'n verklaring uitgereik waarin bekendgemaak word dat die leiers van die A.P. besluit het om die voorstel tot eenwording te aanvaar, en om by volgende van die A.P. in Suidwes-Afrika aan te beveel om voortaan lede te word van die Nasionale Party van Suid-Wes.

Grondslag van die amalgamasie is die feit dat die Nasionale Party van Suid-Wes heeltemal afgesonderd staan van die H.N.P. in die Unie en hoegenaamd geen verband wat organisasie betref met hom het nie. En voorts dat die N.P. van Suid-Wes onderneem het om in geen opsig teen lede van die Afrikanerparty, selfs al sou hulle lede wees van nie-partypolitieke organisasies, soos bv. die Ossewabrandwag in Suid-Wes, te diskrimineer nie.

ONTKENNING

In 'n onderhoud wat Maandag, 13 Junie, in Die Burger verskyn het, ontken mnr. H. J. Klopper, leier van die N.P. van Suidwes, „dat die Nasionale Party van Suidwes heeltemal apart staan van die H.N.P. in die Unie en geen verband met laasgenoemde het wat organisasie betref nie.” Mnr. Klopper beweer dat die V.P. van Suidwes selfs verkondig dat die N.P. van Suidwes onder die gesag van die H.N.P. in die Unie staan. In werklikheid werk die N.P. van Suidwes hartlik saam met die H.N.P. in die Unie. Suidwes se N.P. het trouens drie adviserende lede op die Federale Raad van die H.N.P. in die Unie. DIE O.B. verneem dat verteen-

woordigers van die A.P. van Suidwes verlede Vrydag verteenwoordigers van die N.P. van Suidwes ontmoet het om die A.P. se bereidwilligheid tot eenwording bekend te maak.

In 'n verklaring wat Saterdag in Windhoek aan die pers uitgereik is, sê dr. H. J. Steyn, voorsitter van die N.P. van Suidwes, dat „die Afrikanerparty en die Nasionale Party van Suidwes nog geen finale ooreenkoms in verband met die voorgestelde amalgamasie van die twee partye bereik het nie.”

NASIONALE FRONT

Indien amalgamasie tussen die twee partye prakties bewerkstellig word, sal dit beteken dat nasionaalvoelende Afrikaners in Suidwes 'n gemeenskaplike front sal stel teenoor die opposisie in die aanstaande algemene verkiesing van Volksraadslede vir die Unie-Parlement en lede van die Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika.

Dit sal ook beteken dat die N.P. van Suidwes die weg aangee tot 'n eenheidsfront — ook in die Unie — bereik kan word, nl. (1) deur erkenning van die O.B. as 'n nie-partypolitieke organisasie en (2) deur 'n beleid van „geen diskriminasie teen O.B.-lede” te volg.

Suid-Afrikaanse Spoorweë

Eksamen vir Toelating Van Vakleerlinge tot Die Spoorwegdiens

Vir algemene inligting word bekendgemaak dat 'n eksamen vir toelating tot die Spoorwegdiens as vakleerlinge, op Vrydag, 7 Oktober 1949 op die volgende sentra afgeneem sal word:—

Kaapstad
Uitenhage
Durban
Pretoria
Kimberley
Windhoek
Oos-Londen
Pietmaritzburg
Uppington
Bloemfontein
Johannesburg

'n Seun wat standerd ses met goeie gevolg afgelê het, of in November/Desember 1949 sal aflê, en op 30 September 1949, 15 jaar of ouer maar hoogstens 19 jaar sal wees, kan vir hierdie eksamen inskryf.

Seuns wat oor die ouderdom van 19 jaar is, maar wat hoër opvoedkundige kwalifikasies as standerd VII of spesiale kwalifikasies besit, kan spesiale toestemming van die Departement kry om die eksamen af te lê, en elke geval word op sy meriete behandel.

Nader besonderhede kan van enige werktuigkundige ingenieur, afdelingsbestuurder of stasiemeester verkry word.

Kandidate moet die eksamen op die eksamensentrum naaste aan hul tuiste aflê, en aansoek om die eksamen af te lê moet saam met die geboorte- en skoolsertifikaat van die applikant betyds ingestuur word om die naaste werktuigkundige ingenieur of die afdelingsbestuurder, Kimberley, Johannesburg of Windhoek nie later nie as 15 Augustus 1949 te bereik. Aansoek om die eksamen af te lê moet nie aan die Hoofbestuurder gestuur word nie.

Kandidate wat na 'n eksamensentrum reis met 'n spoorwegvrypas deur die Administrasie verskaf, en later 'n aanbod om as vakleerling in die Diens aangestel te word, van die hand wys, moet die Administrasie vergoed vir die reis wat onderneem is.

W. M. CLARK,
HOOFBESTUURDER.

Junie 1949.
S.103/25/2/50.

Vergadering Van Grotes Misluk

Die vergadering van die ministers van buitelandse sake van die vier groot moondhede wat nou al 'n paar weke in Parys aan die gang is en die kwessie van 'n ooreenkoms tussen Oos en Wes, asook die Duitse vredesverdrag moet bespreek, is 'n mislukking, volgens die Amerikaanse minister van buitelandse sake, Dean Acheson Saterdag, verklaar het.

Hierdie mislukte vergadering is een van die baie in 'n reeks wat sedert die einde van die oorlog plaasgevind het. Die mislukking is te wyte aan die doelbewuste optrede van Rusland om geen ooreenkoms met die Weste te bereik nie. Hoe langer Duitsland in chaos verkeer, hoe makliker kan die Kommunisme 'n houvas kry op Europa, is die Russiese taktiek.

Met Vakmanne Is Gesels

(vervolg van bladsy 1, kolom 4)

in 1948 het daar in die twee jaar 1946 en 1947 37,000 Britse immigrante na Suid-Afrika verhuis. Hierdie mense sal almal stemreg hê by die volgende algemene verkiesing in 1953 — die meeste van hulle het dit reeds outomaties ontvang verlede jaar en hierdie jaar. Die enigste wat deur die nuwe wetgewing getref sal word, is die 35,000 wat gedurende 1948 die land binnegekóm het, vir die grootste deel onder die Nasionale bewind.

Die Verenigde Party is nou danig besorgd omdat 'n aantal van hierdie immigrante nie sal kan stem soos aan hulle belowe is nie. Die eintlike besorgdheid is egter dat die Verenigde Party nie die volle nut sal kry van die stemme wat hy ingevoer het nie. Vandaar die geskreue.

GEEN BEGINSEL

Beginsel speel hier geen rol nie. Toe die Verenigde Party aan die begin van die oorlog honderde Duitsers met 'n pennestreek beroof het van burgerskap wat hulle reeds klaar verwerf het, was daar geen sprake van beloftes wat teenoor hulle gemaak was nie — selfs nie van die beskerming wat hulle wetlik toegeken was en deur die stap vernietig is nie. Hulle was toe beskou as moontlike stemme

van die destydse opposisie en kon dus maar gelikwider word ongeag plegtige ondernemings teenoor die mense.

„FAIRPLAY”

Die Verenigde Party wat die mond vol het van gelyke regte, sal ook nog moet beduie op grond waarvan 'n Brit die voorreg kan hê om na twee jaar outomaties — selfs teen sy sin — burgerskap en daarmee stemreg te verwerf, terwyl die onderdane van Afrikaanse stamlande eers na vyf jaar genaturaliseer kan word. As hul aanklag teen die regering juis is dat laasgenoemde die nuwe maatregel indien net om stemme teen hom af te weer, en die kwessie van burgerskap dus van alle kante net 'n stemryery is, is dit mos in ooreenstemming met die sogenaamde „British fairplay” van die parlementêre spel dat albei die partye gelyke geleenthede moet hê om stemme van oorsee aan te ry.

Miskien moet 'n mens die protes van die Verenigde Party ook nie te ernstig opneem nie — hy word mos betaal om alle maatreëls van die regering teen te staan, en as dit boonop nog gaan oor sy stemme wat op staatskoste aangery is, kan hy met soveel meer opregtheid en hartstog sy vereiste teenstand bied.

§ „DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Ons eerste uitgawe het so pas verskyn.

BY DIE STERFED VAN 'N VOLK

9s. 6d. Posvry

DEUR

M. J. PIENAAR

wat tydens wêreldoorlog nr. 2 in Duitsland was en hier in Suid-Afrika deur die Smuts-bewind van Hoogverraad aangekla en gestraf is.

ONTHOU U NOG

„Goelennand, Hewe In'stersaars in Suid-Afrika.” „Goelennag Boere.” 'n Gesaghebbende werk deur iemand wat alles self deurfê het.

BESTEL VAN:

VLAM-BIBLIOTEEK

Posbus 1230

PRETORIA

OF

U BOEKHANDELAAR.

15/6/2.